**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak no.: 1808/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

teen

**TSHOKOLO SIMON MANTSO**

---

**CORAM:** CILLIé R *et* VAN DER MERWE R

---

**UITSPRAAK:** CILLIé R

---

**GELEWER OP:** 2 DESEMBER 2004

---

Die beskuldigde hierin is skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en daarop gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf. Die skuldigbevinding spruit voort uit gebeure wat plaasgevind het op 9 April 2004 toe die beskuldigde die klaer een hou met 'n kierie geslaan het.

Toe die aangeleentheid op hersiening voorgelê was, is die volgende navraag aan die verhoorlanddros gerig:

> "Redes vir die skuldigbevinding asb.
> Dit kom my voor uit die staatsgetuienis dat die beskuldigde in noodweer of ter beskerming van sy broer opgetree het. Die klaer val hom dan aan met 'n mes en steek herhaaldelik na hom."

In sy antwoord meld die landdros dat:

> "Die vraag het in die hof aan 'n baie fyn draadjie gehang en het die hof hom in die sogenaamde grys kol bevind."

Hy verskaf dan nietemin redes waarom hy meen die beskuldigde tog nie in noodweer opgetree het nie. Daardie redes is myns insiens nie voldoende oortuigend sodat dit die "grys kol" waarin die landdros homself bevind het afdoende uit die weg kon ruim nie.

Die gebeure is betreklik eenvoudig. Die klaer was in 'n rusie met die beskuldigde se broer betrokke. Dit het plaasgevind voor die beskuldigde en sy familie se woning. Hiertydens word die beskuldigde se broer deur die klaer met sy ma gevloek. Die klaer

was dronk. ‘n Vuisgeveg breek uit tussen die klaer en die beskuldigde se broer. Die klaer hardloop toe en gaan haal ‘n mes. Die beskuldigde se broer gaan haal ‘n kierie. Die beskuldigde probeer tussenbeide tree. Die klaer steek met die mes na die beskuldigde. Hy mis egter die beskuldigde. Die beskuldigde gryp die kierie en slaan die klaer een hou daarmee. Dit stel die klaer toe buite aksie. Bovermelde blyk uit staatsgetuienis wat nie gediskrediteer is nie.

Die beskuldigde self getuig verder dat die klaer twee maal met die mes na hom gesteek het voor hy die kierie gegryp en die klaer daarmee geslaan het. Sy verdedigingsgetuie bevestig dit. Hierna het die beskuldigde self die polisie ontbied.

Die landdros se benadering in die voorgelegde redes is dat die beskuldigde se broer nie in gevaar verkeer het nie en dat die beskuldigde dus nie ter beskerming van sy broer kon optree nie. Verder sê die landdros dat die beskuldigde 4 meter weg was van die klaer toe hy die kierie by sy broer gegryp het. Sonder dat dit gemeld word is die gedagtegang van die landdros waarskynlik dat die beskuldigde eerder moes weggeloop het dan om die kierie te gryp. Die feite hierbo vermeld dui egter aan dat die beskuldigde inderdaad in sy eie verdediging opgetree het. Dis is duidelik dat

die klaer dronk en veglustig was. Ek meen dat die objektiewe redelike man dit as geregverdigd sou beskou om, bedreig deur die flitsende mes van 'n dronk aanvaller, die hanteerder daarvan een kieriehou toe te dien.

Bygevolg word die skuldigbevinding en opgelegde vonnis tersyde gestel.

**C.B. CILLIé, R**

EK STEM SAAM:

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

/ec